

Ons Sinodale Diensraad vertel...

1. By die afgelope vergadering van die Sinodale Diensraad het ons van die 11 lede terugvoer ontvang oor wat tans aan die gang is in ons sinodale gebied. Ons het diep onder die indruk gekom van die **spanning** wat die grondonteenings-kwessie by ons mense bring en ook van die oproer en grondgrype in Witrivier, Burgersfort en Pretoria-Faerie Glen. Hiermee saam is daar onrus en opstandigheid oor wye dele van ons gebied. Ons besef die impak van werkloosheid en die ekonomiese krisis met 'n rand wat trampolien-spring en onstabiliteit wat 'n **negatiewe gees** in mense wakker maak. Dis juis in só 'n tyd dat die kerk hoop moet bring en mense moet bystaan en help om in geloof positief te bly. *"Wees ons genadig, Here, ons vestig ons hoop op U. Die Here is ons Regter, ons Leidsman, ons Koning, Hy sal ons red."* Jesaja 33.

2. Daar is kennis geneem van die gevaar van **sekularisasie** wat besig is om by kerke in te kruip en veroorsaak dat Bybelse grense verskuif word totdat dit naderhand die mens se eie wil is wat geld en nie meer God se wil is nie. Dit bring mee dat gelowiges nie meer die teenwoordigheid en krag van God se teenwoordigheid beleef nie.

3. Daar is tog ook positiewe getuienisse juis in hierdie tyd soos byvoorbeeld **samewerking** tussen die NG Kerk Lynnwoodrif en die Nellmapius Uniting Reformed Church in Southern Africa.

4. Die vergadering het die beplanning vir ons **komende Sinodesitting** van 21-23 Oktober 2018 gefinaliseer en daar heers reeds groot opgewondenheid en 'n verwagting vir wat die Here gaan kom doen. Ons glo die Here gaan ons as sinode kom help om waarlik 'n gestuurde kerk te wees wat 'n impak maak en die liefde van Christus uitleef en uitdra in die wêreld. Ons sien uit na die rol van die fasiliteerders soos prof. Marius


Nel, Nelis J van Rensburg, Dewyk Ungerer asook van ons eie sinode se leiers wat 'n rol gaan speel. Bid saam met ons dat elke sinodeganger huis toe sal gaan met 'n nuwe visie, passie en inspirasie om 'n verskil in hulle gemeentes te gaan maak.

5. Ons is ook dankbaar vir 'n nuwe fokus op ons jonger predikante en om groter prominensie aan ons gebied se jeug te gee. Daar is 'n mooi momentum aan die gang by die jonger leraars wat **GrensLoos-netwerk** gestig het om mekaar se hande te vat en die jeugwerk in ons gebied te belyn en te koördineer. Ons wil steeds as oud en jonk na mekaar luister en mekaar intrek en saamwerk.

6. Kom ons **bly bid** steeds vir mekaar, vir ons gemeentes en vir ons land. Kom ons bid ook dat die leraars sal sterk staan teen versoekings en voorbeelde en getuies wees vir ander.

Dirkie van der Spuy
15 Augustus 2018

FAMILIENUUS 345



7 Augustus 2018

Familienuus 345

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!

In hierdie week van Vrouedag pas dit ons om erkenning te gee aan die rol wat vroue in die kerk en in ons gemeentes gespeel het – en nog steeds speel.

Dit was Jesus wat die posisie van die vrou in die samelewing gekorrigeer het. Die eerste opstandingsgetuies was vroue. En sedert daardie dag het vroue getrou die Evangelie van die Opgestane Jesus vertel in woord en daad.

"Aan moedersknie" vertel van 'n ma wat getrou elke aand vir haar kinders van Jesus vertel het. Die Vroue-Sendingbond het gewerk met 'n diep oortuiging dat hierdie Evangelie vir alle mense bedoel is. Vrouebedienings het die voorbeeld gestel van Bybelstudie in kleingroepe. Hulle het gehelp, gebed en gegee.

Ons wat al bietjie langer in die bediening is, kan vertel van predikantsvroue wat nagte om voorberei het vir die volgende biduur of Kinderkransles of Bybelstudie-normaalklas.

Hierdie week eer ons ook spesiaal die persoon en bediening van elke vroue-leraar.

Francois Retief

–oo0oo–

Skolebediening: hierdie is net die geleentheid waarop leraars wat by skole betrokke is, jeugwerkers in gemeentes en skole – en sommer elkeen wat droom oor die geleentheid wat daar is om ons kinders in skole te bedien – gewag het!

Hier is die [antwoord!](#)

PREDIKANTE

Anel Pienaar, leraar van die gemeente Pretoria-Dowes, is na Skuilkrans beroep en word op 2 September hier bevestig.

PROJEKTE

Gys van Schoor skryf dat hy die geloofsreis nou ook vir die

Hervormde Kerk se leraars gaan aanbied. Hy nooi ons leraars wat hierby sou wou inskakel om só te doen. Aangeheg is besonderhede van die [6 Maart](#) en [21 Junie](#) korrespondensie met die Hervormde leraars.

Baie belangrik: navrae hieroor moet nie aan die Sinodehuis gerig word nie – ons hanteer nie hierdie administrasie nie. Tersia het reeds korrespondensie aan die leraars op "ons" reis uitgestuur.

ONDERSTEUNING

Die **Sinodehuis** se personeel het almal verlof ingesit om 'n langnaweek te kan maak van 9 – 12 Augustus. Die kantoor is dus Vrydag gesluit.

Argief: Aangesien ons baie navrae kry uit die handregisterstelsel, wil ons weer 'n ernstige beroep op gemeentes doen om hul handregisters, **doop- en belydende-lidmate asook Huweliksregisters** (voor 1973) asseblief na die Sinodehuis te stuur vir veilige bewaring.

VERGADERINGS

Die **Sinodale Diensraad** vergader op 15 Augustus. Ons praat sinodesitting! Onthou dat prof Marius Nel van Stellenbosch ons gaan help om na te dink oor die koninkryk van God – missionaliteit altyd en oral!

Ons **Predikante Pensioenfonds** vergader op 16 Augustus. Dit gaan baie goed met ons fonds. Leraars behoort seker te maak dat hulle bydrae tot aftreevoorsiening jaarliks styg om tred te hou met inflasie. Sodoende maak jy verantwoordelike voorsiening vir jou aftrede. Onthou hierdie eenvoudige waarheid: *"jou pensioen is nie 'n geskenk van jou werkgewer vir goeie diens gelewer nie – jou pensioen is die resultaat van jou beleggings oor tyd."*

ALGEMENE SINODE

Dankdag vir Reën

Die Algemene Sinode oordeel dat 2 September as Dankdag vir die uitkoms wat die Here gegee het, geormerk word. Uiteraard is hierdie meer van toepassing op ons suidelike sinodes maar as gelowiges deel ons in mekaar se lief en leed. Ons gemeentes kan dit ook inrig as 'n Gebedsdag waarin ons almal se afhanklikheid van die sorg van ons Vader verklaar en bely word.

GESAMENTLIKE WERK

[Bybel-Media](#) gee inligting oor die [Kerkbode](#) van 3 Augustus. Verder is daar nuus oor 'n nuwe produk met [gesprekskaarte](#) wat gesprek in groepe help. Dit klink opwindend!

CLF vier Vrouemaand met spesiale [produkte](#).

CMR Gauteng-Oos se Winter-uitgawe van FamilieFokus word hier [aangeheg](#).

Lentekonferensie 2018 vind plaas op 18 – 20 September. Die volledige programgids is [hier](#) beskikbaar.

EMERITI

Dr Rassie van Niekerk – wat in 2013 afgetree het as Pastorale hulp in Pretoria-Garsfontein – is op 5 Augustus oorlede. Die gedenkdiens is op Woensdag 8 Augustus om 11:00 by Pretoria-Garsfontein. Hy het destyds die bediening van baie dienspligkapelane beïnvloed met sy wysheid en deernis.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 20 Augustus 2018 verjaar.

Gemeentes:

7 Augustus – Lyttelton-Oos, ngk@lytteltonoos.org.za (60)

6 Augustus – Marble Hall, ngkmhall@lantic.net (67)

Emeriti:

17 Augustus – Jannie du Plessis, Elarduspark 2013,
jjhduplessis@gmail.com

Predikante:

8 Augustus – JI De Wet, Pretoria-Oosterlig, ji@oosterlig.co.za

8 Augustus – Colin Smith, kerksondermure, csmith@ksm.co.za

14 Augustus – Carl Louwrens, Krugerwildtuin, crl@telkomsa.net

15 Augustus – Charl De Kock, Elarduspark,
charl.dekock60@gmail.com

15 Augustus – Hardus van Niekerk, Middelburg-Suid,
hardus@midsuid.co.za

Groete tot 21 Augustus 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

Ekofaktorkamp

Elke mens het sekere dinge nodig om van te leef waarvan verhoudings die kosbaarste is. Ons lewe almal in verhoudings met die mense rondom ons, maar het jy al ooit daaraan gedink dat ons ook in verhoudings lewe met alles wat God in Sy skepping op aarde gemaak het. Ons noem dit die ekosisteem waar alles en almal in verhouding tot mekaar lewe en wat met die een gebeur het 'n invloed op die res van die ekosisteem

Lees [hier](#) meer.

Familienuus 344

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!

Dis lekker koud in hierdie dae. Ons kla oor die krag wat nie altyd aan is nie. Ons maak allerlei planne om warm te bly: verwarmers, kaggels en komberse.

Gelowiges wat met die hart van Jesus Christus in die gemeenskap leef, behoort ook in hierdie dae raak te sien dat daar baie mense is wat nie warm kan kom nie. Hulle blyplekke, hulle omstandighede, hulle "klerekaste" en hulle bronne maak dit net nie moontlik nie.

Baie gemeentes is met projekte besig om hier 'n verskil te maak. Die getuienisse wat ek hoor, is dat dit ook 'n verskil maak in die harte van hulle wat gee. Daar is groter sensitiwiteit en meer bewustheid van ander se leefwêreld.

Geestelike groei vra om al-hoe-meer 'n hart soos Jesus te kry...

Francois Retief

PREDIKANTE

Gert van der Merwe is op 22 Julie by Lynnwoodrif bevestig.

Sebastiaan en Natasha van Dyk van Lux Mundi het op 10 Junie ouers geword van Ivan. Baie geluk – en sterkte vir die winternagte se opstaan!

Annelize de Wet het op 30 Junie demissie ontvang by kerksondermure om haar roeping as sendeling in Kenia te gaan uitleef.

PROJEKTE

Skolebediening: as jy nie elke geleentheid benut om kinders in ons skole te bedien met die Evangelie van Jesus Christus nie, mis jy 'n baie groot deel van jou jeugbediening. Die vraag is: Hoe doen ek skolebediening?

Hier is die [antwoord!](#)

Johan Koen van ons **Missionale Gemeentes**-span vertel van Nuwe Geloofsgemeenskappe – die bediening van mense wat nie normaalweg deel van die bestaande bediening is nie. As julle hiermee besig is, wil Johan graag julle [storie](#) hieroor hoor...

Missionale Byeenkoms

Dit is weer tyd vir ons **Missionale Byeenkoms** en ons glo dat jul elkeen in die laaste paar maande al weer saam met jul gemeentes gegroei het op die Missionale Reis. Om gestuurde kerk te wees is die fokus wat maak dat ons perspektief behou in goeie en slegte tye. **Die byeenkoms vind plaas op 2 en 3 Augustus by Kruisrivier. Ons arriveer tussen 12:00 en 13:00 op Donderdag en vertrek weer om 14:00 op Vrydag.** By die laaste byeenkoms het julle onder andere lekker saam gepraat oor Missionaliteit as 'n nuwe lewenstyl in jou eie lewe en ook in die lewe van die gemeente. Julle het ook saam gesels oor

Missionale Transformasie. Ons sal baie graag by mekaar wil hoor wat het die Here in die tussentyd in jul lewens en gemeentes gedoen. Lourens Bosman gaan ook die tyd saam met ons spandeer en met ons gesels oor die nuwe groei en ontwikkeling in die kerk rondom Missionaliteit. Ons is besig om die finale program bymekaar te sit en stuur dit deur sodra dit gefinaliseer is. Intussen moet ons getalle vasmaak en word jy uitgenooi. **Laat weet sommer nou asseblief vir Tersia by ontvangs@sinoos.co.za of jy dit gaan bywoon.** Ons moet getalle vasmaak en waardeer jou spoedige reaksie!

Die **Projekspan vir Ekologie** reël 'n naweekvoetslaan by Mount Komati River Lodge – geleë op die Middelveld van Mpumalanga vanaf 30 November tot 2 Desember 2018. Om saam te stap en jou plek te bespreek, moet jy so gou as moontlik die inskrywingsvorm stuur na Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Daar is net plek vir 24 persone. Vir volledige inligting en die inskrywingsvorm, lees [hier](#).

Seisoen van Menswaardigheid

Leon Westhoff [vertel](#) ons van 'n unieke manier om oor hierdie belangrike saak ingelig te word. Prof Dirkie Smit se lesings sal jou ook 'n handvol VBO-punte besorg – maar jy sal bietjie moet werk hiervoor!

Ekofaktorkamp

Die Projekspan vir Ekologie reël weer 'n **Ekofaktorkamp** vir alle Graad 5 en 6 leerders vanaf 30 September tot 3 Oktober 2018. Die kamp word soos verlede jaar, weer gehou by **Bergenvier** (tussen Bronkhorstspruit, Groblersdal en Witbank). By hierdie jaar se kamp gaan by die *voëls en insekte geleer word waar my plek in die ekosisteem is sodat daar vir almal en alles genoeg is om te kan lewe op aarde.*

Die koste is **R400-00**. Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Die sluitingsdatum is **19 September**. Lees [hier](#) meer.

Retreat vir predikante

'n **Retreat vir predikante** vind hierdie jaar plaas vanaf 13 tot 16 Augustus by die Maria Trost Retreatsentrum naby Lydenburg. Die koste is R500 per persoon vir 3 nagte – enkel akkommodasie en etes ingesluit. 12 VBO punte word toegeken vir bywoning. Vir meer besonderhede skakel Jaco van Niekerk by 082 804 1810. Bespreek by Tersia voor 6 Augustus by ontvangs@sinoos.co.za Lees [hier](#) meer.

ONDERSTEUNING

Argief: Aangesien ons baie navrae kry uit die handregisterstelsel, wil ons weer 'n ernstige beroep op gemeentes doen om hul handregisters, **doop- en belydende-lidmate asook Huweliksregisters** (voor 1973) asseblief na die Sinodehuis te stuur vir veilige bewaring.

VERGADERINGS

Die **Sinodale Diensraad** het op 18 Julie vergader om te besin oor Sinode-wees in vandag se dae. Dit was 'n verrykende en terselfdertyd uitdagende gesprek. Ons voel uitgedaag om te verseker dat ons steeds gemeentes en leraars se behoeftes aanspreek. Daar is baie mooi nuwe inisiatiewe – hou ons sinodesitting dop!

Teen die einde van verlede kwartaal het ons **jonger leraars** onder leiding van twee van ons Sinodale Diensraad-lede, Maartje van der Westhuizen en Gerrit Vosloo, vergader om te gesels oor hulle belewenis van ons as sinode. Dit was lekker om ons jong predikante te kon hoor. Ons sien uit na die insette van jonger stemme. Ons wil 'n familie wees waar ouer en jonger leraars tuis voel, geag word en waarde kan toevoeg tot die funksionering van die Sinode.

Die volgende **Ringsittings** vind plaas:

Lyttelton: 29 Julie by Midrand

Wakkerstroom: 29-30 Julie by Paardekop
Witbank: 5 Augustus by Witbank-Panorama
Ermelo: 6 Augustus by Morgenzon

ALGEMENE SINODE

Kerkspieël Gemeentevraelys 2018

Lourens Bosman vra mooi: sal julle asseblief 'n tydjie afknyp om Kerkspieël Gemeentevraelys 2018 te voltooi en aanlyn in te vul? Indien julle enige probleme ondervind of nog nie die vraelys ontvang het nie skakel asb dringend met Ester Steyn by kerkspieel@ngkerk.org.za tel: 012 342 0092 of sel 0823254088

Ons sal dit só waardeer!

Dankdag vir Reën

Die Algemene Sinode oordeel dat 2 September as Dankdag vir die uitkoms wat die Here gegee het, geormerk word. Uiteraard is hierdie meer van toepassing op ons suidelike sinodes maar as gelowiges deel ons is mekaar se lief en leed. Ons gemeentes kan dit ook inrig as 'n Gebedsdag waarin ons almal se afhanklikheid van die sorg van ons Vader verklaar en bely word.

'n Konsep Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika

[Hier](#) is geleentheid om insette te lewer in die dokument waaraan prof Pieter Coertzen en sy span werk.

Taize-byeenkoms

Ons het hierdie skrywe vanaf die kantoor van die Algemene Sekretaris ontvang:

In 2019 word 'n weeklange samekoms van die Taizé-gemeenskap in die Kaapstad beplan. Daar word beoog om plus minus 6000 jongmense by die geleentheid te betrek. Die byeenkoms sal fokus op kerkeenheid en die ekumeniese verhoudings. Dit is 'n

kosbare geleentheid vir ons jongmense tussen 18-35.

Ons verneem graag of daar uit julle sinode persone is wat belangstel in Taizé en kontemplatiewe spiritualiteit of wat verantwoordelik is vir die jeug. Indien wel, sal ons bly wees as julle hulle kan inlig van die vergadering met Vader Luc en Norbert van Tiazé, wat by die Algemene Sinode Kantore beplan word vir 27 September om 14:00. Ter wille van beplanning wil ons versoek dat belangstellendes hulle teenwoordigheid by Sophia de Kock (sophiadk@ngkerk.org.za) voor / op 14 September bevestig.

GESAMENTLIKE WERK

Bybel-Media se [Nuusbrief](#) word hier aangeheg. Hierdie week gaan dit oor [LiG](#) en die [Kerkbode](#). Een van ons gemeentes, Doornkloof, is op die voorblad van die Kerkbode!

Hulle vertel ook van 'n opwindende nuwe [Bybelboek-reeks](#)

Excelsus stel 'n kursus in [Spirituele Begeleiding](#) bekend.

Excelsus vertel ook van 'n [oggendgeleentheid](#) oor **Spiritual en Emotional Health in Full Time Ministry** met **Nancy Schongalla-Bowman**, Director of Student Counselling, Princeton Theological Seminary. Dit word op 7 Augustus aangebied.

Excelsus gee ook inligting oor 'n **Werkswinkel oor die Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes**. Dit word deur prof Malan Nel aangebied. Hy skryf [hier](#) volledig oor hierdie geleentheid.

Lentekonferensie 2018 vind plaas op 18 – 20 September. Die volledige programgids is [hier](#) beskikbaar.

Kom ontmoet **professor Stefan Paas** van die Vrije Universiteit in Amsterdam: op 8 Augustus het leraars die geleentheid om 'n oggend saam met een van die voorste missioloë in die wêreld deur te bring. Die gesprek handel oor sekularisasie en missionale kerkwees. 'n Volledige [pamflet](#) vertel meer.

CMR Mpumalanga deel met ons 'n [storie van hoop](#).

EMERITI

Prof Andrie du Toit – voorheen Nuwe Testamentikus aan die Universiteit van Pretoria – is verlede week oorlede. Sy gedenkdien vind Vrydag 27 Julie om 11:00 plaas in die NG Kerk Valleisig.

Hy het met sy kennis, geloof en menswees 'n hele geslag leraars geraak. Ons eer die Here vir sy lewe en werk.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 6 Augustus 2018 verjaar.

Gemeentes:

24 Julie – Badplaas, ngkerkbadplaas@tiscali.co.za (45)

25 Julie – Debruinpark-Ermelo, ngkdeberm@telkomsa.net (45)

29 Julie – Moreletapark, info@moreleta.co.za (33)

3 Augustus – Witbank-Vallei, ngwitbank.vallei@gmail.com (38)

4 Augustus – Ermelo-0os, skriba@ermoos.co.za (62)

Emeriti:

30 Julie – Neels van Zyl, Olifantsfontein 2011, vanzyl.neels@gmail.com

3 Augustus – Steph Combrinck, Lyttelton 2005, sc.steph.combrinck@gmail.com

Predikante:

24 Julie – Danie Veldsman, Dosent UP, danie.veldsman@up.ac.za

25 Julie – Pierre Engelbrecht, Valleisig, pierreengelbrecht1@gmail.com

26 Julie – Anton Badenhorst, Pretoria-0osterlig, anton@oosterlig.co.za

2 Augustus – Cas Wepener, Dosent UP, cas.wepener@up.ac.za

3 Augustus – Neels Müller, Pretoria-0osterlig,

neels@oosterlig.co.za

4 Augustus – Christie Smit, Lydenburg, christiepos@gmail.com

4 Augustus – Chris Swart, Doornkloof, chris@dkfk.co.za

5 Augustus – Uli Trümpelmann, Malelane, ulitrump@icloud.com

6 Augustus – Alphonso Groenewald, Dosent UP, alphonso.groenewald@up.ac.za

6 Augustus – Dirk Human, Dosent UP, dirk.human@up.ac.za

Groete tot 7 Augustus 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

FAMILIENUUS 343



19 Junie 2018

Familienuus 343

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!

Ons lees Maandagoggend tydens ons Personeelbyeenkoms Psalm 148. Ek het nie getel nie, maar dis herhaling op herhaling: "Prys die Here!"

Ek wonder tog of ons verhouding met die Here genoeg hiervan bevat? Te veel keer vra ons "help ons" en "seën ons" – en dit word 'n verhouding ter wille van "ons."

Die Psalmdigter roep alles en almal op om die Here te prys. Ons het die Goeie Nuus ontvang; ons ken dié Jesus wat Kurios genoem word; ons sien sy handewerke in die natuur, ons sien dit ook in die lewens van mense om ons. Dit gaan oor Hom! Prys die Here!

Francois Retief

–oo0oo–

PREDIKANTE

Gert van der Merwe van Boksburg-Oos het die beroep na Lynnwoodrif aangeneem en word op 22 Julie daar bevestig.

GEMEENTES

Witrivier se "[6 weke in Jesus se geselskap](#)" is net wat jy nodig het vir die derde kwartaal.

JAARBOEKINLIGTING vir die Jaarboek 2019 is reeds na die gemeentes uitgestuur. Dit moet hersien word en teruggestuur word na die Sinodehuis voor 30 Junie 2018.

PROJEKTE

Skolebediening: as jy nie elke geleentheid benut om kinders in ons skole te bedien met die Evangelie van Jesus Christus nie, mis jy 'n baie groot deel van jou jeugbediening. Die vraag is: Hoe doen ek skolebediening?

Hier is die [antwoord!](#)

ONDERSTEUNING

www.sinoos.co.za – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

Openbare Weldaad Organisasie Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Die **finansiële state van gemeentes** moes op 15 Junie in gewees het. Baie dankie vir elke gemeente wat hiermee moeite gedoen het. Daar is 'n klompie uitstaande gemeentes – hou asseblief vir Cathy Odendaal – ons Bedryfsbestuurder – ingelig oor die datum waarop dit hier verwag kan word.

Finansiële state is vir die kerkraad 'n uiters belangrike werksdokument:

Dit bevestig aan die gemeente dat alles reg verloop het met die finansies.

Dit gee 'n in-diepte perspektief oor die stand van finansies – méér as net 'n banksaldo!

Dis die dokument wat die kerkraad benodig om in die Ontvanger van Inkomste se goeie boekies te bly.

VERGADERINGS

Ons Sinodesitting is op 21 – 23 Oktober 2018. **Geloofsbriefe**

moet teen 30 Junie by die Sinodehuis wees asseblief. Kerkrade moet asseblief verseker dat afgevaardigdes die hele sitting sal bywoon. Dis die enigste manier waarop die kerkraad doeltreffend verteenwoordig kan word.

GEMEENTES AAN DIE WERK

[Goeie Afrikaans](#) in die kerk: "aankondig" of "afkondig?"

ALGEMENE SINODE

Uit die kantoor van die Algemene Sinode se Algemene Sekretaris kom 'n skrywe met onder andere die volledige [voorlegging](#) wat namens die NG Kerk gemaak is oor Grondhervorming.

GESAMENTLIKE WERK

[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Hierdie week gaan dit oor [LiG](#) en die Kerkbode.

[CLF](#) se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.

Excelsus gee meer [inligting](#) oor hul Oggendsimposium: Nancy Schongalla-Bowman. Inskrywingsvorm [hier](#) beskikbaar.

ANDER INLIGTING

Taizé-gemeenskap In 2019 word 'n weeklange samekoms van die Taizé-gemeenskap in Kaapstad deur die Algemene Sinode beplan. Daar word beoog om sowat 6 000 jongmense by die geleentheid te betrek. Die byeenkoms sal fokus op kerkeenheid en die ekumeniese verhoudings. Dit is 'n kosbare geleentheid vir ons jongmense tussen 18-35. [Lees](#) gerus meer.

Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** laat weet dat hulle verteenwoordiger hier in ons omgewing, Francois Sieberhagen, na die Kaap toe skuif. Charl de Kock, kapelaan gekoppel aan Elarduspark, neem nou hierdie verantwoordelikheid oor. Skakel gerus met [Charl](#) vir navrae oor die belangrike werk waarmee die Bybelgenootskap besig is.

Brugbediening word nou al 'n bekende konsep in die NG Kerk. Hierdie week is daar twee stukkies inligting hieroor: 'n [kursus](#) vir die opleiding van leraars vir hierdie bediening, asook 'n [skrywe van Anton Doyer](#) oor die afsterwe van Loren Mead en 'n nuwe Gidsboek.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 18 Junie 2018 verjaar.

Gemeentes:

28 Junie – Witrivier, kerkkantoor@ngwitrivier.co.za (77)

30 Junie – Silvertonkruin, silvertonkruin@absamail.co.za (43)

1 Julie – Elarduspark, kerkkantoor@gelarduspark.org.za (43)

Emeriti:

19 Junie – Lalie Lombaard, CWR Direkteur 2002, laliebymelkbos@gmail.com

30 Junie – Gerrie Doyer, Witrivier 2016, gerrie@ngwitrivier.co.za

4 Julie – Manie Crouse, Malelane 2002, herman.crouse@vodamail.co.za

6 Julie – Bertie Driescher, Kemptonpark-Suurfontein 2000, bertisa@telkomsa.net

8 Julie – Gawie Conradie, Estcourt 2014, ngestcourt@futurenet.co.za

11 Julie – JP Pienaar, Amsterdam 2014, jppienaar@telkomsa.net

13 Julie – Sampie Niemand, Meerensenn 2000, niemand.sampie@gmail.com

14 Julie – Adriaan van der Wart, Valleisig 2003, vanderwart@telkomsa.net

14 Julie – Phillip Venter, Skuilkrans-Pretoria 1995, 082 455 1491

16 Julie – Christo Longland, Goedgegun-Swaziland 2001, christo@qtnkerk.net


Predikante:

20 Junie – Charl Bredell, Premiermyn, charl.bredell@gmail.com
21 Junie – Arnau van Wyngaard, Shiselweni SRC, wyngaard@lando.co.za
22 Junie – Tertius Erasmus, Bronkhorstspuit, erasmus.tertius@gmail.com
25 Junie – Nico Swart, Skuilkrans, nico@skuilkrans.co.za
1 Julie – Annelize de Wet, kerksondermure, adewet@ksm.co.za
2 Julie – Erik Immelman, Midrand (Halfweghuis), erikjen@iafrica.com
7 Julie – Thinus Prinsloo, Carolina, mfprinsloo@gmail.com
9 Julie – Izak Liebenberg, Meyerspark, ilieb@absamail.co.za
9 Julie – Gawie Malan, Pretoria-Oosterlig, gglmalan@gmail.com
13 Julie – Henk Janse van Rensburg, Pierre van Ryneveld, henk@pvr.co.za
14 Julie – Zander van der Westhuizen, Tygerpoort, zander@ngtyger.com
15 Julie – Christiaan Ackermann, Silvertonkruin, christiaanack@gmail.com

Groete tot 24 Julie 2018.

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

FAMILIENUUS 342



5 Junie 2018

Familienuus 342

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!

Die Predikantekonferensie is verby – en wat 'n groot ervaring om te luister na iemand wat die Woord hoog ag. Die Johannesevangelie het vir ons nuwe betekenis gekry.

Ek het weer besef dat alles wat die kerk van die Here doen, moet groei vanuit die Woord van die Here. Daarsonder is ons met ons eie planne en drome besig. Dit is waar van missionale kerkwees, lofprysing, finansiële beplanning en al die ander dinge waarmee ons besig is.

Francois Retief

–oo0oo–

PREDIKANTE

Johannesevangelie Die **lesings** wat deur professor Jan van der Watt in die Wildduin aangebied is, is by die kantoor beskikbaar. Jy gaan nou nie die hiëna hoor roep nie, maar jy gaan vir Johannes hoor praat.

ONDERSTEUNING

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting Dit gebeur soms dat Kerkrade , Ringe en Sinodes gevra word vir inligting uit die notules van vergaderings. Dikwels is dit maklik om te gee want dit is inligting wat in elk geval algemeen bekend is en versprei is deur byvoorbeeld nuusbriewe of afkondigings.

Dit gebeur egter ook dat inligting gevra word wanneer dit gaan oor 'n kerkregtelike saak of dispuut. Hierdie is meer formeel en gewoonlik ook meer sensitief.

Die Sinodale Diensraad het vir sy eie funksionering 'n besluit hieroor geneem en gee dit graag deur aan Kerkrade en Ringe met die wenk om self ook hieroor 'n besluit te neem.

Die Algemene Sinode het vroeër reeds besluit dat die NG Kerk se Argief te Stellenbosch die adres is waarheen korrespondensie in sake hierdie aansoeke gerig moet word.

"Die Sinodale Diensraad van die NG Kerk Oostelike Sinode besluit dat die proses soos voorgeskryf deur Artikel 53(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) [Regulasie 4] gevolg moet word deur persone of instansies wat inligting uit die notules van die Sinodale Diensraad of enige van sy diensgroepe wil bekom."

"Die Sinodale Diensraad besluit om Ringe en kerkrade te adviseer om 'n gelykluidende besluit ten opsigte van hulle eie dokumente te neem."

www.sinoos.co.za – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "**Diensverhoudinge/Diensvoordele.**"

Openbare Weldaad Organisasie Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning. **Die sperdatum is 15 Junie.**

VERGADERINGS

Ons Sinodesitting is op 21 – 23 Oktober 2018. **Geloofsbriewe** moet teen 30 Junie by die Sinodehuis wees asseblief.

Die Ring van Lydenburg se Ringsitting is 9 Junie te Graskop

Die Ring van Laeveld se Ringsitting is 18 Junie te Kampersrus.

GEMEENTES AAN DIE WERK

Tydens 'n vergadering word opgemerk dat op elke kerkraadsvergadering gevra moet word "hoe gaan dit in ons gemeenskap?" Vra die mense wat weet: die skoolhoofde, die CMR, dokters en die polisie. 'n Missionale kerk moet wéét hoe dit buite die kerkdeure gaan...

Witrivier se 40 dae projek "6 weke in Jesus se geselskap" skop einde Julie af. Die volledige program kan [hier](#) afgelaai word.

GESAMENTLIKE WERK

[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Dit bevat inligting oor hulle produkte oor die doop.

[CLF](#) se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.

Die **CMR** het weer vir ons 'n [verhaal](#) gestuur – ons hoor graag van hierdie vennoot!

ANDER INLIGTING

Comrades 2018 Sterkte aan al Oostelike Sinode se Comrades-atlete! Met die af-Comrades is die belangrike om te onthou dat daar gelukkig na elke lang afdraande 'n bult is! Vasbyt! Ons hoor graag hoe dit gegaan het.

'n **VONKK-opedag** word op Saterdag 9 Junie in Pretoria gehou vir almal wat hierdie liedere gebruik in die bediening. Besonderhede van die geleentheid is [hier](#) beskikbaar.

Taizé-gemeenskap In 2019 word 'n weeklange samekoms van die Taizé-gemeenskap in Kaapstad deur die Algemene Sinode beplan. Daar word beoog om sowat 6 000 jongmense by die geleentheid te betrek. Die byeenkoms sal fokus op kerkeenheid en die ekumeniese verhoudings. Dit is 'n kosbare geleentheid vir ons jongmense tussen 18-35. [Lees](#) gerus meer.

EMERITI

Theo Maré (cormare@gmail.com) se vrou, Coreen, is op 28 Mei oorlede. Ons dra hom en sy familie in ons gebede.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 18 Junie 2018 verjaar.

Gemeentes:

8 Junie -Groblersdal, kantoor@lantic.net (78)

8 Junie – Phalaborwa, ngkphala@gmail.com (57)

10 Junie -Goedgegun-Swaziland, nggoedgegun@swazi.net (96)

13 Junie – Kampersrus, deogloriakerk@gmail.com (59)

18 Junie – Witbank-Suid, ngkwsuid@lantic.net (64)

Emeriti:

14 Junie – Francois Botha, Ermelo-0os 2013,
afrancoisb@gmail.com; sa.tpsa@gmail.com

18 Junie – Jan van Zyl, Nelspruit-Westergloed 2006,
marthavz@vodamail.co.za

18 Junie – Pieter de Kock, Memel 2001,
pieterd@villagemail.co.za

Predikante:

11 Junie – Eliska Muller, Nelspruit-Westergloed,
eliska@westergloed.co.za

14 Junie – Dion van Dyk, Morgenzon, dionvdyk@mweb.co.za

14 Junie – Antoinette Wilson, Lydenburg-Suid,
antoinette.wilson@telkomsa.net

16 Junie – Hennie De Vos, Rietkuil, hjddevos@gmail.com

16 Junie – Gerrit Vosloo, Ermelo, gerritvosloo@yahoo.com

Groete tot 19 Junie 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

FAMILIENUUS 341

22 Mei 2018

Familienuus 341

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!

Pinkster help ons om weer die belangrikheid van ons getuienis te sien. Die verhaal van die vroeë kerk is een van vertel en leef en doen – want dit is waarvoor Jesus ons gestuur het: om met die krag van die Gees te getuig!

Gemeentes is besig hiermee op baie verskillende wyses: evangelisasieprojekte, uitreike, noodverligting, opheffing, herstel van verhoudinge, begeleiding van jongmense en kinders en die ondersteuning van bejaardes. En hierdie is maar nog net die begin van die lysie...

Dit alles groei uit 'n nuwe manier van wees – ons het in ons harte verander, ons dink en praat en droom nuut. Die Gees van die Here rus ons toe, spoor ons aan en gee ons drome.

Wat 'n voorreg om gemeente van die Here te wees!

Francois Retief

–oo00oo–

PREDIKANTE

Proponent Johan Koen, tans jeugwerker by Nelspruit-Suid, het 'n beroep as leraar ontvang na Hoopstad.

GEMEENTES

Lynnwoodrif het vir Gert van der Merwe van Boksburg-Oos beroep.

PROJEKTE

Die eerste groep leraars wat ingeskryf het vir die **Geloofsreis saam met Gys van Schoor** het nou reeds die tweede rondte se kontaksessies gehad. Daar is in totaal 6 sulke sessies oor 3 jaar versprei. Die terugvoer wat ons hieroor ontvang, is inspirerend. Leraars vanuit Goudland Sinode het by ons aangesluit – en dit maak die interaksie sommer net nog beter.

Die moontlikheid om hierdie Geloofsreis met 'n nuwe groep leraars te begin, word tans ondersoek. Daar is ook belangstelling vanaf die Hervormde Kerk asook Sinode Goudland om saam met ons hiervan deel te wees. Ons benodig name en getalle om die finale besluit hieroor te kan neem. Skakel gerus vir Tersia Petzer by die Sinodehuis 012-804 9543 of ontvangs@sinoos.co.za vir verdere inligting.

Volgende week hierdie tyd is ons jaarlikse **Predikantekonferensie** by Letaba in volle swang! Ons gasspreker is prof Jan van der Watt en hy gaan ons begelei deur die Johannes-evangelie.

Alle leraars wat ingeskryf het, het Maandag 'n e-pos ontvang met die besprekingsnommer, inligting oor die toegangsgelde wat per dag betaalbaar is (of met jou Wildcard) asook die reëlins vir ons saamkuier Maandagaand.

Vir die gemeentes: moenie bekommer nie – die dominees gaan werk ook. Prof Jan gee 'n paar notas in ons e-pos – moenie die een oor die Griekse Nuwe Testament mis nie! (Kan iemand help met 'n Totius-vertaling?)

ONDERSTEUNING

www.sinoos.co.za – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "**Diensverhoudinge/diensooreenkomste**" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook

met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

Openbare Weldaad Organisasie Ons hoofblad het ook die baie belangrike dokument wat verlede week hieroor aan kerkkantore en finansiële beamptes versprei is onder "Finansies/SAID" vir die dringende aandag van elke kerkraad.

Baie dankie aan elke gemeente wat reeds die kwartaal (Maart tot Mei) se **sinodale bydraes** oorbetaal het. **Onthou asseblief om julle gemeente se totale bydrae vir hierdie kwartaal teen 31 Mei oor te betaal. Kontak ons Bedryfsbetuurder Cathy Odendaal by finans@sinoos.co.za met navrae.** Ons help graag.

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning.

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons [webwerf](#) beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

Vir die aandag van ons **Finansiële Beamptes in die kerkkantore:** 31 Mei is die sperdatum vir die rekonsiliasie van alle werknemers van die gemeente se LBS en WVF-oorbetalings. Die uitkoms hiervan is die IRP5-dokumente wat aan elkeen voorsien moet word.

VERGADERINGS

Dit raak nou al bekende nuus maar ons gee dit weer omdat dit so belangrik is: ons hou **Sinodesitting** op 21 – 23 Oktober 2018. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid: Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#). **Prof Marius Nel van die Universiteit van Stellenbosch** gaan ons begelei om 'n baie belangrike konsep oor missionale

kerkwees ons eie te maak: die koninkryk van God. Ons sien met groot opgewondenheid hierna uit. Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan. Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte**s het, moet dit saam met die geloofsbriewe aandui sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak.

Die **Ring van Pretoria-Faerie Glen** vergader 5 Junie by Lux Mundi.

GEMEENTES AAN DIE WERK

Gemeentes het soms baie uitdagings as dit gaan oor die **musiek in die erediens**. Bybel-Media het 'n rekenaarprogram ontwikkel wat ons hiermee kan help. Dit is gefokus op gemeentes wat nie 'n orrelis of begeleierspan het nie maar van "backtracks" afhanklik is vir die begeleiding. Bybel-Media bied 'n kursus in die gebruik van die program aan – en ons hoor graag of daar in Oostelike Sinode hiervoor aanvraag is. Die program laat jou toe om die tempo, toonhoogte en dergelike by julle eie behoeftes te kan aanpas. Die koste is R750 per gemeente waarvoor julle dan 20 "backtracks" ontvang asook kreatiewe moontlikhede vir die gebruik hiervan. Ons reken dat 'n sentrale punt vir die kursus waarskynlik die Middelburg-omgewing is maar ons hoor graag wie belangstel. Laat weet vir Tersia by ontvangs@sinoos.co.za voor 30 Mei.

ALGEMENE SINODE

Grondhervorming is groot in die nuus – en die NG Kerk is deel van die gesprek. In [Kerkbode](#) gee Nelis Janse van Rensburg 'n perspektief op hierdie saak.

Die hofsaak oor **selfdegeslagverhoudings** kom nader – en [Kerkbode](#) gee ook hieroor inligting. Dit sluit die verklaring van die Moderamen in wat sekere wanvoorstellings in die pers aanspreek.

GESAMENTLIKE WERK



Bybel-Media

Bybel-Media se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg.



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LITERATUURFONDS

CLF se Nuusbrief kan [hier](#) gelees word.



CENTRE FOR
Contextual
Ministry

Sentrum vir Kontekstuele Bediening bied 'n kursus aan oor **Brugbediening** deur prof Malan Nel. Meer inligting [hier](#). Lees ook [nuusbrief 2](#) wat ons van Anton Doyer ontvang het.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 4 Junie 2018 verjaar.

Gemeentes:

29 Mei – Meyerspark, ngmeyersparkfin@absamail.co.za (59)

3 Junie – Volksrust, ngkerk@volksrust.com (108)

4 Junie – Olifantsfontein, oliesng@gmail.com (70)

Emeriti:

23 Mei – Floors Ellis, Meyerspark 2008, floorsellis@lantic.net

23 Mei – Nita van der Merwe, CWR Direkteur 2008

29 Mei – Johan Smit, Lyttelton-Oos 2003, smittiesnr@hotmail.com

30 Mei – Janus Roux, Elarduspark 2014, janusroux@globex.co.za

3 Junie – Gert Janse van Rensburg, Kimberley-Vooruitsig 1994, gertjvr@telkomsa.net

Predikante:

22 Mei – Willem Nortjé, Komatipoort, ngkomati@mweb.co.za

22 Mei – Marius Swart, Nelspruit-Westergloed, marius.swart1@gmail.com

26 Mei – Doret Niemandt, Valleisig, doretmuller@gmail.com

29 Mei – Karin Steyn, Tygerpoort, bosch.karin@gmail.com

Personeel:

27 Mei – Tersia Petzer, Oostelike Sinode,
ontvangs@sinoos.co.za

Groete tot 5 Junie 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

Familiebrief 2018/5

Familiebrief 2018/5

16 Mei 2018

Die volgende is met geringe aanpassings oorgeneem uit 'n nuusbrief van die NG Kerk Sinode Goudland.

DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS (SAID)

EN DIE

KERK AS OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

Afkortings wat in hierdie nuusbrief gebruik word

Afrikaans

BVE	Belastingvrystellingseenheid
NWO	Nie-winsgewende organisasie
NWO	Openbare Weldaadsorganisasies
OWO	Openbare Weldaadsorganisasies
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens

Engels

NPO	Non-profit Organisation
PBO	Public Benefit Organisation
SARS	South African Revenue Services
TEU	Tax Exemption Unit

AGTERGROND

Hierdie skrywe oor **Registrasie as Openbare Weldaadsorganisasies (OWO's)** word gesirkuleer na aanleiding van 'n besoek namens die NG Kerk aan die Belastingvrystellingseenheid (TEU = Tax Exemption Unit) van die SAID.

Daaruit het dit geblyk dat daar waarskynlik verwarring en selfs onduidelikheid in die kerk bestaan oor 'n aantal sake, soos:

1. moet gemeentes/kerklike strukture register as OWO?;
2. die kwessie van fidusiêre aanspreeklikheid;
3. asook die verwarring rondom die onderskeid tussen die

registrasie as NWO (nie-winsgewende organisasie, NPO in Engels) en OWO (openbare weldaadsorganisasie, PBO in Engels).

INKOMSTEBELASTING EN EIENDOMSBELASTING

Nog 'n uitdaging aan kerke is die feit dat daar dikwels in ons gesprekke en denke nie duidelik **onderskeid** gemaak word tussen die betaal van **inkomstebelasting** en die betaal van **eiendomsbelasting** nie.

Inkomstebelasting word hanteer deur die **SAID**, terwyl **eiendomsbelasting** 'n saak is wat resorteer onder die plaaslike regering (**munisipaliteit**).

Kerke geniet gewoonlik vrystelling van **eiendomsbelasting** op alle geboue wat vir kerklike doeleindes gebruik word. Waar kerke eiendom besit wat nie vir kerklike doeleindes gebruik word nie (verhuring van huise, kantore, of wat ookal wat dus as direkte handelsbedryf beskou word), kan die plaaslike owerheid op daardie eiendomme belasting hef.

Die staat het nie 'n eenvormige beleid hieroor nie. 'n Plaaslike owerheid neem eie besluite oor eiendomsbelasting. Onderhandelinge op plaaslike vlak moet hierdie saak aanspreek. Ervaring het geleer dat die NG Kerk nie alleen hieroor met die plaaslike owerheid moet onderhandel nie. Kry vennote vanuit die hele spektrum van kerke om die gesprekke te voer.

Sover dit **inkomstebelasting** aan betref, is daar wel 'n koppeling met eiendomsbelasting, in die sin dat as kerkeiendom verhuur word vir nie-kerklike gebruik (waarop dan dalk eiendomsbelasting gehef word deur die munisipaliteit), die **huurinkomste** addisioneel ook dan belasbaar is deur die SAID – en as sodanig as inkomste aangedui moet word op die inkomstebelastingvorm.

Daar bestaan 'n gids oor die hantering van inkomstebelasting, naamlik die Tax Exemption Guide for Public Benefit

Organisations in South Africa Issue 2 (19 September 2016) – verkrygbaar op SAID se webtuiste by <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Businesses/TE0/Pages/default.aspx>.

OPENBARE WELDAADSORGANISASIE

Van die probleme wat die Belastingvrystellingseenheid tydens hul ondersoek ontdek het, is die volgende:

1. die nie-indiening van jaarlikse belastingopgawes [IT12EI] deur OWO's. Ten spyte van die feit dat baie gemeentes en kerklike strukture wel geregistreer is by SARS vir belastingvrystelling, dien hulle nie jaarliks 'n opgawe in nie – of hulle dui slegs 'n nul-balans in die state aan sonder om aan te toon hoe hulle daarby uitgekom het.
2. daar is gemeentes wat probeer om 18A kwitansies uit te reik vir donasies wat aan die gemeente gemaak is. Dis onwettig. Hierdie kwitansies kan slegs uitgereik word as 'n instansie daarvoor geregistreer is – en dan ten opsigte van 'n goedgekeurde aktiwiteit.
3. dit is egter onwaarskynlik dat gemeentes sal kwalifiseer vir Artikel 18A registrasie, aangesien die aangeduide aktiwiteite wat daarvoor goedgekeur is, nie Godsdiens, Geloof en Filosofie insluit nie. Slegs goedgekeurde OWO's, met ook status in terme van Artikel 18A van die Wet, kan 'n 18A kwitansie aan skenkers uitreik.
4. gemeentes/ kerklike instansies laat na om besigheidsinkomste te verklaar – veral t.o.v. verhuring van geboue en konferensiegeriewe;
5. veranderinge in die konstitusies/bepaalde Kerkorde-artikels van geregistreeerde gemeentes/sinodale strukture, wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie;
6. verandering in fidusiêre verantwoordelike persone wat nie onder die aandag van die Kommissaris gebring word nie – en waarskynlik die negering van die rol wat

hierdie persone in die finansiële verantwoording van gemeentes behoort te speel;

7. in gebreke bly van kennis gee van adresverandering van gemeentes.

Hoekom registreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Enige persoon of entiteit in die land (wat ook as 'n regspersoon geld) wat inkomste bokant 'n bepaalde bedrag per jaar genereer, is onderhewig aan die betaal van belasting op die ontvangs daarvan. Voorheen was kerke deur die wet outomaties vrygestel van inkomstebelasting. Dit is egter verander.

Registrasie as 'n OWO onder die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 (soos gewysig) [hierna die "Wet"] by die SAID is dus 'n vrywillige opsie met die oog op die vrystelling van inkomstebelasting.

Om belastingvrystelling te geniet moet 'n gemeente, 'n ring, 'n sinode en die Algemene Sinode dus registreer as 'n OWO. Sien Artikel 10 (1)(cN) [Vrystellings] van die Wet.

Die aktiwiteite van die betrokke organisasie sal dan bepaal of dit kwalifiseer vir vrystelling van inkomstebelasting onder Artikel 30 [Openbare Weldaadsorganisasies] van die Wet, of ook vir uitreiking van kwitansies onder Artikel 18A [Aftrekking van skenkings aan sekere organisasies] van die Wet, ten opsigte van donasies.

Een van die kwalifiserende aktiwiteite vir OWO-registrasie en derhalwe vir die vrystelling van Inkomstebelasting, is "godsdiens" (sien punt 6 van Basic Guide to Income Tax for Public Benefit Organisations). Daar word Godsdiens, Geloof en Filosofie as 'n goedgekeurde aktiwiteit gelys.

Gemeentes en die meeste kerklike strukture behoort dus suksesvol te wees in hulle aansoek tot OWO-registrasie.

Is ons gemeente geregistreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Gemeentes kan uitvind of hulle as 'n OWO geregistreer is deur na *e-filing* te gaan en vir 'n aanslagvorm te vra. Die nommer op die vorm wat met 'n "9" begin, is die registrasienommer. Navraag kan ook direk by die SAID se Belasting Vrystellingseenheid gedoen word.

Hoe kan ons registreer as 'n Openbare Weldaadsorganisasie?

Om te registreer as 'n OWO moet die volgende dokumente by die Belasting Vrystellingseenheid van die SAID ingedien word:

1. vorm EI1: Voltooide en ondertekende aansoek om as 'n OWO te registreer;
2. vorm EI2: Geskrewe onderneming en onderteken deur die drie fidusiêre persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, van die organisasie wat die fidusiere verantwoordelikheid vir die OWO onderneem.
3. gesertifiseerde afskrif van die stigtingsdokument (konstitusie) wat moet voldoen aan die vereistes van Vorm EI2.
4. 'n goedgekeurde OWO kwalifiseer ook, onder sekere bepaalde voorwaardes in elke geval, vir vrystelling van: Oordragkoste, Boedelbelasting, Kapitaalwinsbelasting, Donasiebelasting, BTW, Vaardigheidsontwikkelingsheffing en Dividende belasting.

Al die inligting is op ons webwerf beskikbaar by <http://sinoos.co.za/said/>

Cathy Odendaal

Bedryfsbestuurder

NG Kerk Oostelike Sinode

Tel (012) 804-9543/4

FAMILIENUUS 440



8 Mei 2018

Familienuus 340

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSKAP!

Lukas vertel hoedat Jesus met sy dissipels praat oor die dinge van die koninkryk van God. Hy leer hulle wat vir God belangrik is. Hy inspireer hulle om – met die krag van die Heilige Gees – die koninkryk van God te laat aanbreek in die hele wêreld.

En hulle besorgdheid? Ons koninkryk. Wat van óns verwagting? Wat van óns idee oor die Messias? Wanneer kom óns aan die beurt? Dit gaan tog eintlik oor óns?

Ek vermoed Jesus het moedeloos gesug toe Hy hierdie hoor. "Wat moet Ek nog doen om hulle te oortuig dat dit oor God gaan?" het Hy dalk gewonder. "Drie jaar se onderrig deur my lewe en my woorde en die wonders, sterf aan 'n kruis, staan op die

derde dag weer op – wat nog?"

Ons is nie veel anders as die dissipels nie. "Ek, my gemeente, ons belange, ons voorkeure en afkeure, ons perspektief..."

Pinkster 2018 wil ons anders vorm. "Julle sal krag ontvang as die Heilige Gees van julle lewens beheer neem – Hy sal julle anders maak, Hy sal julle losmaak van julleself en Hy sal julle stuur die wêreld in. Hy sal julle leer wat om te sê en te doen..."

Geseënde Pinkster!

Francois Retief

PREDIKANTE

Wielie van Wyk emeriteer op 31 Mei by Middelburg-Suid. Hy ontvang sy Akte van Emeritaat op 20 Mei.

PC Pretorius van Fochville-Noord word op 20 Mei tydens die aanddiens by Moreletapark as leraar bevestig.

Op Malelane het Natasha Nel en haar man, Johan, die trotse ouers van De Wet en Christiaan geword. Baie geluk!

Baie geluk aan emeritus-kollega Petrus Moolman met die toekenning van 'n doktorsgraad. Dit wil gedoen wees!

GEMEENTES

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons webwerf beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

PROJEKTE

Die jaarlikse **Herfskonferensie vir die vroue** van Oostelike Sinode vind op 19 Mei by Skuilkrans plaas. Michiel van der

Merwe is vanjaar se spreker. Lees [meer](#) oor hom asook die program van die dag.

Die eerste groep leraars wat ingeskryf het vir die **Geloofsreis saam met Gys van Schoor** het nou reeds die tweede rondte se kontaksessies gehad. Daar is in totaal 6 sulke sessies oor 3 jaar versprei. Die terugvoer wat ons hieroor ontvang, is inspirerend. Leraars vanuit Goudland Sinode het by ons aangesluit – en dit maak die interaksie sommer net nog beter.

Die moontlikheid om hierdie Geloofsreis met 'n nuwe groep leraars te begin, word tans ondersoek. Daar is ook belangstelling vanaf die Hervormde Kerk asook Sinode Goudland om saam met ons hiervan deel te wees. Ons benodig name en getalle om die finale besluit hieroor te kan neem. Skakel gerus vir Tersia Petzer by die Sinodehuis 012-804 9543 of ontvangs@sinoos.co.za vir verdere inligting.

ONDERSTEUNING

www.sinoos.co.za – ons hoofblad bevat belangrike inligting vir elke gemeente wat wil beroep. Onder "Diensverhoudinge/diensooreenkomste" is daar ook hulpdokumente wat help met die proses. Cathy Odendaal het 'n hulpdokument ontwikkel wat sal help met die berekening van vergoedingspakkette. Hierdie dokument gaan baie van jou kopsere wegneem wanneer nuwe aanstellings gemaak word asook met begrotingstyd. Dis op die hoofblad onder "Diensverhoudinge/Diensvoordele."

Baie dankie aan elke gemeente wat reeds die kwartaal (Maart tot Mei) se **sinodale bydraes oorbetaal het. Kontak ons Bedryfsbetuurder Cathy Odendaal by finans@sinoos.co.za met navrae.** Ons help graag.

Die **finansiële state van gemeentes** begin nou vinniger inkom – dankie vir die moeite wat elkeen hiermee doen. Onthou dat hierdie 'n baie belangrike dokument is vir die bestuur van die gemeente. Maak seker dat die finansiële kommissie dit deeglik

bestudeer met die oog op toekomstige finansiële beplanning.

Leraars wat lede is van **Bestmed** het reeds skrywes per e-pos ontvang oor die verkiesing van trustees. Jy stem ook elektronies. [Aangeheg](#) is die besonderhede hieroor.

Vir die aandag van ons **Finansiële Beamptes in die kerkkantore**: 31 Mei is die sperdatum vir die rekonsiliasie van alle werknemers van die gemeente se LBS en WVF-oorbetalings. Die uitkoms hiervan is die IRP5-dokumente wat aan elkeen voorsien moet word.

Rekenaars breek – of iemand steel dit. Dis maklik om die rekenaar te vervang – julle versekering sal hiervoor sorg. Die groter vraag is: wat van die data op die rekenaar? Maak asseblief baie seker dat julle hierdie data ook elders baie veilig gebêre het. Daar is baie moontlikhede om dit deesdae te doen – maar iemand moet dit nog steeds beplan en bestuur. Hier is dit regtig 'n geval van "spyt kom te laat..."

VERGADERINGS

Ons herinner weer aan ons Sinodesitting op 21 – 23 Oktober 2018. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid:

Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#).

Prof Marius Nel van die Universiteit van Stellenbosch gaan ons begelei om 'n baie belangrike konsep oor missionale kerkwees ons eie te maak: die koninkryk van God. Ons sien met groot opgewondenheid hierna uit.

Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan.

Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte** het, moet dit saam met die geloofsbriewe aandui sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak.

GEMEENTES AAN DIE WERK

Gemeentes het soms baie uitdagings as dit gaan oor die **musiek in die erediens**.

Bybel-Media het 'n rekenaarprogram ontwikkel wat ons hiermee kan help. Dit is gefokus op gemeentes wat nie 'n orrelis of begeleierspan het nie maar van "backtracks" afhanklik is vir die begeleiding.

Bybel-Media bied 'n kursus in die gebruik van die program aan – en ons hoor graag of daar in Oostelike Sinode hiervoor aanvraag is. Die program laat jou toe om die tempo, toonhoogte en dergelike by julle eie behoeftes te kan aanpas.

Die koste is R750 per gemeente waarvoor julle dan 20 "backtracks" ontvang asook kreatiewe moontlikhede vir die gebruik hiervan. Ons reken dat 'n sentrale punt vir die kursus waarskynlik die Middelburg-omgewing is maar ons hoor graag wie belangstel. Laat weet vir Tersia by ontvangs@sinoos.co.za

GESAMENTLIKE WERK

[Bybel-Media](#) se **Nuusbrief** word [hier](#) aangeheg. Daar is inligting oor die Kerkbode, LiG asook [Moedersdag-geskenke](#).

[CLF](#) se webwerf gee inligting oor [Moedersdag-publikasies](#).

Missie Japan se Nuusflits word [hier](#) aangeheg. Kom ons onthou hierdie bediening in ons voorbidding.

Professor Malan Nel neem weer 'n aantal predikante na die VSA. Hy skryf volledig hieroor – asook oor die waarde hiervan – in die [dokument](#) wat ons aanheg.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 21 Mei 2018 verjaar.

Gemeentes:

11 Mei – Nooitgedacht, ngnoot@gmail.com (42)
12 Mei – Kerksondermure, fschoombee@ksm.co.za (32)
14 Mei – Midrand (Halfweghuis),
saakgelastigde@ngkerkmidrand.co.za (49)
19 Mei – Tzaneen-Wolkberg, ngwolk@mweb.co.za (42)
20 Mei – Dennesig, dennesig@xsinet.co.za (27)

Emeriti:

8 Mei – Danie Dreyer, Tygerpoort 2016, daniedr@ngtyger.com
12 Mei – Barend Piek, Worcester 2006, beertjie@polka.co.za
13 Mei – Petrus Moolman, Ligkruis 2015, lafras@mweb.co.za
18 Mei – Frans Conradie, Florida 2003, franscon@lantic.net
19 Mei – Jannie van Eeden, Groblersdal 2013,
dsveeden@lantic.net

Predikante:

11 Mei – Van Wyk Fischer, Silvertonkruin,
vanwykfischer@gmail.com
12 Mei – Wielie van Wyk, Middelburg-Suid, wielie@midsuid.co.za
13 Mei – Eduan Naude, Lyttelton, eduannaude@absamail.co.za
15 Mei – Louis Fourie, Marble Hall,
louisfourie2008@hotmail.com
17 Mei – Jean Strydom, Nelspruit-Suid,
jean@ngnelspruitsuid.co.za
18 Mei – Sebastiaan van Dyk, Lux Mundi,
svandyk@luxmundi.org.za
21 Mei – Sas Conradie, Pretoria-Oosterlig, ggncoord@gmail.com


Groete tot 22 Mei 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

FAMILIENUUS 339



24 April 2018

Familienuus 339

MET DIE LIG NA DIE GEMEENSAP!

Die nuwe taal van missionale kerkwees kom eintlik al van baie ver terug in ons geskiedenis. Ons gelowige voorouers het al verstaan van "met die Lig na die gemeenskap." Gaan lees maar die verhale van sendinghospitale, kinderhuise, skole en ouetehuse wat deur die NG Kerk tot stand gekom het. Dis deel van ons geloofswortels om "nie ter wille van onself nie" kerk te wees.

Dis vir só 'n kerk dat die opgestane Jesus Christus in Paastyd sê: "aan My behoort alle mag in die hemel en op die aarde" en "Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld."

Waarvoor wag ons?

Francois Retief

—oo0oo—

PREDIKANTE

PC Pretorius van Fochville-Noord het die beroep na **Moreletapark** aanvaar.

GEMEENTES

Die **Handelinge van ons Voetsoolsinodesittings** is op ons webwerf beskikbaar. Gebruik dit vir die voortgaande gesprek oor julle gemeente se missionale kerkwees.

Maak 'n aantekening in jul Jaarboeke dat **Badplaas** se telefoonnommer moet wees 071 277 8124.

PROJEKTE

Die jaarlikse **Herfskonferensie vir die vroue** van Oostelike Sinode vind op 19 Mei by Skuilkrans plaas. Michiel van der Merwe is vanjaar se spreker. Lees [meer](#) oor hom asook die program van die dag.

ONDERSTEUNING

www.sinoos.co.za – ons hoofblad bevat nou ook skakels na eKerkbode, CMR Gauteng-Oos asook CMR Mpumalanga.

'n Skrywe met die besonderhede van hierdie kwartaal (Maart – Mei) se **Sinodale Bydraes** is op 19 Maart uitgestuur. Let asseblief op dat hierdie 'n voorlopige bedrag is gegrond op die vorige jaar se syfers. Ons kan die finale bedrag vir 2018/2019 eers bereken as die finansiële state van 2017/2018 almal in is. Kontak Cathy Odendaal by finans@sinoos.co.za met navrae. Ons help graag.

Die kantore van die Sinodehuis sal op Maandag 30 April gesluit wees.

VERGADERINGS

Maak seker dat **21 – 23 Oktober 2018** duidelik op julle kalender aangeteken is. Dis dan **Oostelike Sinode se sitting**. Hier is belangrike inligting oor die geleentheid:

Ons het reeds op 12 April vir gemeentes hiervan kennis gegee en die **geloofsbriewe** aangeheg. Dis ook beskikbaar by hierdie [skakel](#).

Die lys van beskikbare **gastehuse** is aan kerkkantore deurgegee. Ons heg dit weer [hier](#) aan.

Afgevaardigdes wat **spesiale eetbehoefte**s het, moet ons asseblief so gou moontlik laat weet sodat ons spyseniers daarvoor voorsiening kan maak. (dis nou nie as jy broccoli wil ruil vir KFC nie!)

GESAMENTLIKE WERK



Bybel-Media

[Bybel-Media](#) se Nuusbrief word [hier](#) aangeheg. Daar is inligting oor die Mei-uitgawe van LiG en die Liedboek van die Kerk. Hulle Pinkster-produkte word oor bekendgestel.



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE Lektuurfonds

[CLF](#) heg 'n kort skrywe [aan](#) (23 – 27 April).

Missie Japan se Nuusflits word [hier](#) aangeheg. Kom ons onthou hierdie bediening in ons voorbidding.

HEFSIBA INSTITUTO SUPERIOR CRISTÃO (HEFSIBA INSTITUTE FOR CHRISTIAN HIGHER EDUCATION) is die opleidinginstansie van die **IGREJA REFORMADA EM MOÇAMBIQUE (IRM)** in Mosambiek.

Oostelike Sinode loop reeds vir baie jare 'n pad met Hefsiba. Vanjaar kon ons finansiële bydrae Hefsiba help om 'n fotokopieërmasjien aan te skaf. Vir ons klink dit soos min, maar vir hulle is dit 'n reuse geskenk. Ons doen dit graag, want daar is mense wat deur die Here geroep is om onder baie uitdagende omstandighede predikante op te lei om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig.

Hulle het 'n [skrywe](#) en 'n paar foto's gestuur om dankie te sê

– dit was vir ons lekker om dit te kon gee.

Carl Louwrens van Krugerwildtuin is ons kontakpersoon met die IRM. Ons oorweeg 'n besoek later in die jaar. Laat weet vir Tersia by ontvangs@sinoos.co.za as jy wil saamgaan.

NOVO VENNOOTSKAP

Onthou die vergadering van die **Novo Vennootskap** op **8 Mei, Skuilkrans NG Gemeente om 8:30 vir 09:00**. Gemeentes wat in Mosambiek betrokke is word uitgenooi om verteenwoordigers te stuur na die jaarlikse vergadering van die Novo Vennootskap. Kerkleiers van die IRM bring ons op hoogte van die situasie in Mosambiek en fokus in besonder op die werk van die Igreja de Reformada em Moçambique, Novo Sinode.

Hierdie is 'n besondere geleentheid om bande te smee met leraars van die IRM en kontak te maak met ander gemeentes wat ook in Mosambiek werk. Nooi gerus almal waarvan julle bewus is wat in Mosambiek betrokke is uit na die byeenkoms. Bevestig asseblief so spoedig moontlik by crl@telkomsa.net wie die vergadering sal bywoon, aangesien ons kollegas uit Mosambiek heelwat reëlins moet tref vir hulle koms na SA.

VERJAARSDAE

Geluk aan almal wat tot 7 Mei 2018 verjaar.

Gemeentes:

24 April – Nelspruit-Westergloed, admin@westergloed.co.za (44)

30 April – Amsterdam, ngamsterdam@vodamail.co.za (108)

2 Mei – Ligkruis, ngligkruis@telkomsa.net (36)

4 Mei – Laeveld, dewaldrika@telkomsa.net (89)

6 Mei – Belfast, ngkbelfast@lantic.net (119)

Emeriti:

2 Mei – Andre Venter, Doornkloof 2010,
denventer@absamail.co.za

3 Mei – Francois Fourie, Pretoria-Oosterlig 2011,
fouriefrancois@telkomsa.net

5 Mei – Adrio König, Prof Unisa Sistematiese Teologie 1996,
adk@3gi.co.za

Predikante:

24 April – Ivan Skinner, kerksondermure,
ivan@veritascollege.org

26 April – Ben Blom, Belfast, benblom@me.com

26 April – Janlu Kuyler, Moreletapark, janlu@moreleta.co.za

27 April – Casper Booy, Middelburg-Kanonkop,
chbooy@telkomsa.net

29 April – Manie Groenewald, Lyttelton-Oos,
maniegmax@gmail.com

1 Mei – Kobus de Leeuw, Middelburg-Suid, kobus@midsuid.co.za

3 Mei – Nelis Lindeque, Doornkloof, cjl@mweb.co.za

4 Mei – Jaco van Niekerk, Ermelo,
jacovanniekerk.ermelo@gmail.com

5 Mei – Jan Potgieter, Belfast, janhendrik@lantic.net

5 Mei – Dewald Vermaak, Laeveld, dewaldrika7@gmail.com

Personeel:

24 April – Cathy Odendaal, Bedryfsbestuurder,
finans@sinoos.co.za

Groete tot 8 Mei 2018.

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za

Met die Lig na die
Gemeenskap